

Die Québec-verklaring oor literêre vertaling en vertalers

PEN International bring skrywers van dwarsoor die wêreld byeen. Hierdie verklaring is in Barcelona ontwikkel deur die PEN International-komitee vir vertaling en taalregte (Translation and Linguistic Rights Committee) en dit is amptelik geratifiseer deur die PEN International-vergadering van afgevaardigdes by die 81^{ste} PEN International-kongres in Québec (Oktober 2015). Dié verklaring bestaan uit 'n sespunt-samevatting van die beginsels en doelwitte wat PEN International wil bevorder op die gebied van literêre vertaling.

1. Literêre vertaling is 'n kuns van passie. Deur die waardes van oopheid te bevorder, staan vertaling in diens van vrede en vryheid, teen ongeregtigheid, onverdraagsaamheid en sensuur en fasiliteer dit 'n gesprek met die wêreld.
2. Alle kulture is nie gelyk wanneer dit by vertaling kom nie. Sommige kulture vertaal uit vrye keuse, ander uit noodsaak. Vertaling is 'n sleutel tot die beskerming van tale en kulture.
3. Vertalers eerbiedig outeurs en oorspronklike tekste, maar hulle is nietemin skeppende kunstenaars in eie reg. Hulle streef nie alleen daarna om 'n literêre werk te herproduseer nie, maar ook om daardie werk te bevorder; om dié werk se teenwoordigheid in die wêreld te vergroot. Vertalers is nie eenvoudig boodskappers nie: Hoewel hulle namens ander praat, is hulle stemme ook hul eie. Hulle lewer veral 'n belangrike bydrae tot kulturele diversiteit deur lojaal te bly aan gemarginaliseerde skrywers, literêre style en sosiale groepe.
4. Die regte van vertalers moet beskerm word. Regeringsowerhede, uitgewers, die media en werkgewers moet die status en behoeftes van vertalers respekteer, prominensie aan hul name gee en billike vergoeding en menswaardige werksomstandighede verseker – in alle vorms van druk- en digitale media.
5. Die fisiese veiligheid en uitdrukkingsvryheid van vertalers moet te alle tye gewaarborg word.
6. As kreatiewe skrywers met gespesialiseerde vaardighede en kennis, moet vertalers met respek behandel word en geraadpleeg word oor alle vrae rakende hulle vertaalwerk. Vertalings behoort aan diegene wat dit geskep het.

Vertaal deur Danie Marais (PEN Afrikaans) uit Sherry Simon (PEN Québec) se Engelse vertaling